Hoekom Kleingroepe?

Quintus Heine

Ek wil graag twee breë beginsels uitlig, wat die noodsaaklikheid van kleingroepe onderstreep:

1. Bybelse beginsels

Sonder om omvattend daarop uit te brei, kan die volgende Bybelse beginsels uitgelig word:

Groepe in die Ou Testament

- Gelowiges is reeds van die begin af deel van die verbond met God en die verbond met mekaar (Gen. 17:7);
- Die volk Israel was God se uitverkorenes;
- Die twaalf stamme het ontwikkel uit 12 families (kleingroepe);
- Die families het met tyd tot groter "clans" (geslagte/groter families) ontwikkel (Num 26:21-49 en Jos. 13-22) wat steeds as groepe hanteer is.

Groepe by Jesus

- Jesus het die meeste van sy tyd met sy kleingroep (dissipels) spandeer;
- Jesus het die kleingroep as opleidingsgeleentheid gebruik;
- Lering van die dissipels het in die kleingroep (dissipels) gebeur;
- Hy het in sy kleingroep hoofsaaklik aan verhoudings gewerk en nie aan 'n organisasie nie.

Ekklesiologie van die eerste gemeente

Die eerste gemeentes het nie net elke dag na die tempel gegaan nie, maar ook elke dag saam van huis tot huis geëet, God geprys en nuwe lede tot die gemeente gevoeg (Hand 2:46-47).

Hierdie 3 beginsels van: saam na God se woning te gaan om Hom te prys (leitourgia), Saam te eet en mekaar te versorg van huis tot huis (koinonia), en saam mense tot die gemeente by te voeg (kerugma), is steeds die grondslag van ons ekklesiologie.

Dit behoort die hart van 'n gemeente se funksionering te wees. Deur die jare, met die al groter wordende gemeentes, het dit egter al hoe meer gebeur dat die enigste lidmate wat versorg word, die mense is wat in een of ander krisis verkeer (waarvan ons weet).

In kleiner gemeentes funksioneer die wyksisteem soms suksesvol, maar in meeste gevalle het dit slegs 'n administratiewe organisasiemiddel geword. Van die "vir mekaar omgee" (van huis tot huis), en die uitbrei van die gemeente hierdeur, soos die gebruik van die Bybel in Handelinge was, het weinig oorgebly. Ons sisteem het so ontwikkel dat alle lidmate nie meer as vanselfsprekend in 'n geestelike familie of kleingroep opgeneem word nie. Die onderlinge versorging het dus slegs 'n dominee versorging geword. 'n Bybelse liggaamsmodel vereis immers groepe of geestelike families waar lidmate vrywillig mekaar kan versorg.

Verhoudinge is nie 'n keuse nie

Verhoudinge in 'n gemeente word dikwels gesien as 'n luukse of net nog een van die aktiwiteite waarby jy betrokke kan raak. Die Bybel is duidelik daaroor dat goeie verhoudinge essensieel vir die bestaan van 'n gemeente is. Om vir mekaar om te gee, vereis dat daar goeie verhoudinge bestaan.

Goeie verhoudinge is nie maar net 'n keuse nie, dit is een van die basiese fondamente van die Christelike godsdiens. Een van die mikpunte van kleingroepe is om verhoudinge te bou en te onderhou. Dit is om die liefde vir mekaar in die praktyk toe te pas, soos dit by dissipels van die Here hoort.

Waarin bestaan Bybelse verhoudinge?

- Die woord "gemeente "(ekklesia) impliseer dat daar 'n baie noue verhouding tussen die saamgeroepenes moet wees.
- Ons staan met Jesus in 'n persoonlike en lewende verhouding, so ook teenoor ons broers in Christus. Dis nie maar net 'n ooreenkoms of organisatoriese verbintenis nie (2de tafel van wet).

- Gelowiges is deel van 'n familie wat gereeld saam eet (Hand 2:46).
- Gelowiges is deel van 'n familie wat verantwoordelikheid vir mekaar aanvaar (1 Tim 3:15; Ef. 2:19),
- Gelowiges het elkeen 'n (gawe) taak in die familie, wat maklik in 'n groot gemeente verdwyn (1 Kor 12:13).
- Gelowiges moet mekaar se laste dra (Gal 6:1,2).
- Gelowiges moet mekaar versterk (1 Tess. 5:11).
- Saambid is noodsaaklik (Jak 5:16). Gebede waar twee of drie bymekaar kom, is daarom noodsaaklik.
- Goeie verhoudinge is een van die voorveronderstellings vir 'n geseënde gebedslewe (Mat 5:23,24).
- Gelowiges moet mekaar as familie vermaan.
- Gelowiges moet leef soos 'n huisgesin voor God.

Die eerste gemeente kon effektief ander mense na die Here toe bring omdat hulle goeie onderlinge verhoudinge en 'n liefde vir mekaar gehad het. Natuurlik word 'n kleingroep ook gekonstitueer deur die Woord en gesamentlike gebed, maar as die gesamentlike omgee vir mekaar nie daar is nie, is die bedding vir die saad van die Woord, ook nie voorberei nie! 'n Goeie organisasie is wel belangrik, maar dis die eindresultaat van goeie verhoudinge, nie die begin nie.

Huisbesoek deur die predikant word soms voorgehou as die belangrikste medium in gemeente wat verhoudinge bou. Dit bou beslis verhoudinge, in soverre dit die verhouding tussen die predikant en lidmate opbou. Dit is egter verhoudinge met net een persoon. 'n Gemeente word eers 'n ware verhoudings-gemeente indien daar onderlinge verhoudinge is. Verhoudinge in 'n gemeente is eers funksioneel indien almal aktief daaraan meewerk.

Indien onderlinge verhoudinge nie een van die belangrikste grondstene van 'n gemeente vorm nie, word 'n gemeente 'n organisasie en nie meer 'n gemeente nie.

Verhoudinge word hoofsaaklik in kleiner groepe gebou en onderhou. Jy kan nie 'n intense verhouding met 500 ander mense hê nie (lees weer Hand 2:46,47). Dit geskied myns insiens net in 'n kleingroep. Ek twyfel sterk of effektiewe onderlinge verhoudinge anders gebou kan word as in 'n kleiner geestelike familie.

Dit is hierdie verhoudinge in 'n kleiner groep wat weer direk kan veroorsaak dat ander mense na die gemeente getrek word (evangelisasie) (vgl Joh 13:35).

2. Sosiale beginsels

Op sekondêre vlak is daar ook sosiale beginsels wat die kleingroep essensieel maak. Ek noem 'n paar sake:

- Die moderne mens is op soek na spontane verhoudinge en nie georganiseerde verhoudinge nie.
- Mense raak eerder betrokke wanneer daar vrye assosiasie plaasvind.
- Verhoudinge in kleingroep word effektief indien die kleingroep/familie weet daar is 'n groter verantwoordelikheid teenoor die gemeente/kerk/samelewing. Soms besef mense eers hulle verantwoordelikheid teenoor ander/samelewing as hulle weet hoe belangrik hulle bydrae is.
- Mense wil nie meer net 'n nommer wees nie, soos hulle soms by samelewingsinstellings hanteer word.
- Sosiologiese studies toon dat die opleiding van leiers meer effektief in 'n kleingroep plaasvind.
- Uitbreiding in 'n organisasie word deur diversifikasie en bemagtiging aangemoedig. Stagnasie word deur sentralisasie en outoriteit versterk.
- Groepdinamika help dat mense hulle seerkry en krisisse beter verwerk.
- Mense word in kleingroepe makliker gemotiveer om saam aan projekte deel te neem (bemagtiging).
- Mense se persoonlikheid en talente/gawes kom in 'n kleingroep beter tot sy reg.
- Mense groei (ontwikkel) vinniger, indien hulle die ondersteuning, uitdaging (challenge) en dissipline van 'n groep het.

Die praktyk het gewys: In gemeentes waar kleingroepe funksioneer, het daar 'n geestelike energie en vitaliteit ontwikkel. 'n Gemeenskap soos die kerk, wat bestaan as gevolg van verhoudinge (met God en met mekaar) kan nie voortbestaan of groei, sonder die verhoudingsmeganisme van kleingroepe nie.